

SESSIE 4

LANDBOU EN EKOLOGIE

Landbou, armoedeverligting en Covid-19



Dr. Dirk Troskie, Direkteur: Besigheidsbeplanning en Strategie,
Wes-Kaapse Departement van Landbou

Opsomming:

Alhoewel 80% van die burgers van die provinsie Wes-Kaap genoeg het om te eet, rapporteer meer as 50% van die inwoners van informele stedelike nedersettings dat hulle jaarliks hongersnood ervaar. Huishoudelike voedselsekerheid is daarom een van die 109 beleidsprioriteite van die drie sfere van die Suid-Afrikaanse Regering wat die Wes-Kaapse Departement van Landbou (WKDvL) in sy aksieplanne moet inbou.

Die WKDvL het ná die 2019 verkiesing die kousaliteit tussen sy aksies en beleidsprioriteite wetenskaplik ontleed en in Februarie 2020 vier uitkomste en veertien subuitkomste in sy Strategiese Plan (SP) ingesluit, soos deur die Presidensie vereis. Die Covid-19-pandemie en gepaardgaande grendelregulasies wat op 26 Maart 2020 van krag geword het, het egter die vraag laat ontstaan of hierdie kousaliteit nog tersaaklik is.

Aangesien die produksie van voedsel vanaf dag een van grendeltyd tot noodsaaklike diens verklaar is, moes die implementering van die SP steeds voortgaan. Hiermee saam het die Departement se korttermyn reaksie 'n omvattende risiko-ontleding, monitering van voedselwaardekettings en -besikbaarheid, en ondersteuning vir huishoudings vir die vestiging van voedseltuine ingesluit. Oor die mediumtermyn is 'n aantal aksies geloods ten einde werksgeleenthede te skep, terwyl 'n na-Covid-19-strategie vir die Landbousektor van die provinsie vir langtermyn doeleindes ontwikkel is.

Hierdie referaat neem eerstens die Departement se kousaliteit in sy SP onder die loep. Vervolgens word die wyse waarop die kort-, medium- en langtermyn reaksie op die Covid-19 Pandemie ontwikkel en geïmplementeer is, bespreek. Ten laaste bespreek dit die WKDvL se voorbereidings om toekomstige fundamenteel-ontwrigtende rampe die hoof te bied.

Kort CV:

Dr Dirk Troskie het sy loopbaan as boer begin, maar het later sy hand aan klasgee gewaag voordat hy by die staatsdiens van Suid-Afrika aangesluit het. Hy is tans die Direkteur: Besigheidsbeplanning en Strategie in die Wes-Kaapse Departement van Landbou.

In hierdie hoedanigheid is hy verantwoordelik om advies en inligting oor die strategiese aangeleenthede aan die provinsiale Minister van Landbou, die Departement en die Sektor te verskaf. Vir hierdie doel word sake van strategiese belang nagevors, intervensies voorgestel en die impak en uitkoms van intervensies geëvalueer.

Vanuit 'n navorsingsperspektief is hy veral geïnteresseerd in die wisselwerking tussen waardes, kultuur, kwaliteit, geografie en boerdery (d.w.s. produkte van oorsprong), die ontwikkeling van landbou-ekonomieë in 'n globaliserende wêreld, die vierde industriële rewolusie in die konteks van plaaslike realiteite sowel as responsiewe en verantwoordelike regering. Hy het ook 'n tyd op die bestuur van die Afrika Vereniging van Landbou Ekonomie gedien.

- **'n Onderzoek na die landbousektor as verskaffer van werksgeleenthede in die Noordwes-provinsie: die perspektief van die jeug**



Prof. Ronnie Lotriet, Besigheidskool,
Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Noordwes-Universiteit

Opsomming

Landbou is 'n strategies belangrike sektor in die Suid-Afrikaanse ekonomie en bly 'n belangrike diensverskaffer. Hierdie studie het ten doel om die landbousektor te ondersoek as 'n vooruitsig om jeugwerk in die Noordwes-provinsie te bied. 'n Beskrywende deursnee-navorsingsontwerp is gebruik om die empiriese ondersoek te lei. Altesaam 120 werklose

jeugdige uit verskillende huishoudings in die Dr Kenneth Kaunda-distrik is gekies vir hierdie studie, met behulp van die doelgerigte en gemaksteekproefnemingstegniek. 'n Gestandaardiseerde vraelys is aangepas, vooraf getoets en gebruik vir die empiriese ondersoek. Data is beskrywend en afleidend geanaliseer deur statistiese sagteware te gebruik. Bevindinge uit die studie het getoon dat meer as die helfte van die werklose jeug jonger as 25 was.

Die meerderheid van die respondente het aangedui dat hulle die afgelope jaar na werk gesoek het. Die meeste van hulle het geen hoërskoolsertifikaat as hoogste kwalifikasie gehad nie. Die studie het die bekommernisse oor die onbeskikbaarheid van werk, die gebrek aan benodigde werksgeleenthede en die versuim van gesamentlike pogings om werk te soek, beïnvloed die jeugwerk. Baie van die respondente het in 'n landbougerigte gesin grootgeword, maar 80% van hulle het geen formele boerdery-ervaring gehad nie, terwyl 87% geen landbou-opleiding gehad het nie. Algemene hindernisse vir opleiding en opvoeding vir die jeug in die landbou was die gebrek aan minimum vereistes vir opleiding in die landbou (35%), gebrek aan inligting (33%), onvoldoende finansies (28%) en swak ondersteuning van die gesin (13%). Slegs enkele van die respondente het toegang tot grond gehad vir boerdery, en nog minder het die middele om te begin boer. Daar word aanbeveel dat die regering landbou-inligtingsentrums stig en gebruik om relevante jeug te bied en ander wat landboubesighede wil waag. Landboukolleges moet ook saam met VOO-kolleges verskillende opleidingsentrums vir vaardigheidsontwikkeling op landbougebied bied, veral diegene wat nie aan die vereistes vir hoër onderwys voldoen nie.

Armoede en die ekologie: werkskepping ten koste van die natuur



Prof. François Durand
Department Dierkunde, Universiteit van Johannesburg

Opsomming:

Suid-Afrika is in die greep van groeiende armoede vasgevang. Suid-Afrika het egter 'n ongeëwenaarde minerale rykdom en biodiversiteit. Op die oog af het Suid-Afrika alles wat benodig word om 'n gesonde, volhoubare ekonomie te ontwikkel.

Die teendeel is egter waar. Ongeveer 'n derde van Suid-Afrikaners is werkloos en die getal groei steeds soos wat die ekonomie agteruitgaan. Die regering het die onbenydenswaardige taak om 'n oplossing vir hierdie probleem te kry. Die regering is oortuig dat die minerale rykdom van die land die werkloosheidsprobleem sal oplos en doen alles moontlik om die mynbousektor te ondersteun.

Ongelukkig staan mynbou in direkte konflik met natuurbewaring. Myne word in talle gevalle reg langs van ons belangrikste natuurerfenisgebiede gevind. Petisies teen die ontwikkeling van nuwe myne en pleidooie vir rehabilitasie word deur die regering beantwoord met die argument dat werkskepping en die ekonomie bo enigiets anders prioriteit moet geniet.

Myne het egter 'n beperkte lewensduur en dus het mynwerkers nie werksekuriteit nie. Die grootste myne in land is in die hande van internasionale besighede wat weinig tot niks doen om die skade wat hulle aan die natuur aanrig te rehabiliteer nie. Weinig tot niks word deur die regering gedoen om hierdie maatskappye voor stok te kry nie in die vrees dat hulle beleggers gaan afskrik en natuurlik weens korrupsie.

Ons natuurerfenis bied egter 'n volhoubare ekonomiese alternatief wat vir baie meer mense en vir altyd werk kan verskaf. Maar dan moet ons alles in ons vermoë doen om dit wat nog bestaan te bewaar. Daar is voorbeelde van hoe belangrike wêrelderfenisgebiede in Suid-Afrika bewaar is deurdat mynbou effektief gekeer is en tans vir duisende mense 'n inkomste op 'n volhoubare manier bied.

Kort CV:

Francois Durand was 'n paleontoloog vir tien jaar by die Raad vir Geowetenskap (voorheen die Geologiese Opname van Suid-Afrika). Hy was as lektor en navorser in die Departement Dierkunde van die Universiteit van Johannesburg (voorheen die Randse Afrikaanse Universiteit) in 1998 aangesel. Behalwe sy navorsing in paleontologie het hy met karstekologie (grot-en grondwaterekologie in dolomietryke gebiede) in Suid-Afrika gevestig. Hy en sy studente doen ook navorsing op die impak van suurmynwater van die goudvelde van Johannesburg op die ekologie en gesondheid van organismes. Francois het homself oor die laaste drie dekades beywer om paleontologie te populariseer en bevorder. Hy doseer werweldiermorfologie, soogdierkunde en wetenskapfilosofie. Hy is die stigter van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Amateur Paleontoloë, die skrywer van talle populêre artikels oor paleontologie en gee gereeld aanbiedings oor evolusie en paleontologie. Hy is 'n kunstenaar in sy vrye tyd en het onlangs twee reekse goue munte (Archosauria – 2018 en Hominins - 2019) vir die Natura reeks vir die Suid-Afrikaanse Munt ontwerp).

❖ **Bespreking van die referate en vrae aan die referente vind op
16 September 2021 om 14:00 tot 17:00 plaas.**